



Vak: Graad 5 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 93 Punte

1. stokgrawe | twintig

4 punte

Verduideliking:

Die mans het die stokgrawe vir die vrouens gemaak.

2. drie tot vier maande | een week

4 punte

Verduideliking:

Hulle moes inisiasie ondergaan op die ouderdom van dertien jaar, voordat hulle volwassenes kon word.

Die seuns het alleen in die veld gebly tydens hierdie tyd.

3. knopkierie | knobkerrie

3 punte

Verduideliking:

'n Knopkierie is 'n houtstok met 'n ronde knop op die een punt.

4. sonsopkoms | opkomende son

3 punte

Verduideliking:

Die sonsopkoms is 'n embleem van helderheid en glans. Dit is ook die simbool van die kern van lewe, van lig en van die volkommenheid van die mensdom. Dit simboliseer ook die belofte van wedergeboorte.

5. protea | King protea | protea blom

3 punte

Verduideliking:

Die blare van die protea word in die Landswapen vertoon. Dit is 'n embleem van die skoonheid van ons land en die blom van ons potensiaal as 'n nasie.

6. water | reënval | reën | reën

3 punte

Verduideliking:

Hulle het suidwaarts beweeg omdat die **waterbronne** in die Sahara **besig was om op te droog**.

7. klei

3 punte

Verduideliking:

Die vrouens het klei uit die grond gehaal.



8. die suidelike binneland | gebiede langs die ooskus | Namibië

6 punte

Verduideliking:

Hulle het **na hierdie gebiede verhuis** op soek na areas met **somerreënval**.

9. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Hulle het **1 700 - 2 000 jaar gelede** in suidelike Afrika aangekom.

10. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die wit setlaars het hulle "Hottentotte genoem", as gevolg van die klikgeluide in die Khoikhoi se taal.

Die Khoikhoi het hul naam, wat "manne van manne" of "die regte mense" beteken, self gekies.

11. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Wanneer hulle 'n dier doodgemaak het, bedank hulle die dier vir hulle kos en wens die gees van die dier 'n veilige reis na die volgende wêreld toe.

12. kos | voedsel

3 punte

Verduideliking:

Die hoof het van die huldeblyk-kos gestoor in ondergrondse kosstore. Dit het hy dan gedeel met die dorp se mense as die ooste klein was.

13. waar

2 punte

Verduideliking:

Die bloed van die Eland, 'n dier met baie godsdienstige betekenis, was dikwels in die kleurpigmente ingemeng.

14. vee

3 punte

Verduideliking:

Die Khoikhoi het melk van die beeste en skape gebruik om babas mee te voer.

15. A: inyangas

4 punte

Verduideliking:

Hulle word ook kruiedokters genoem.

Hulle het uitstekende kennis van verskillende soorte plante en hoe die plante gebruik kan word om siektes te behandel.



16. B: klippe, hout en gras

4 punte

Verduideliking:

Hulle het baie **langer op een plek gewoon** as wat die **Khoisan** gedoen het.

17. C: wit

4 punte

Verduideliking:

Die kleur wit, kon nie goed preserveer nie. Daar word gedink dit is van voëlmis gemaak, of van kaolin wat 'n sagte, wit klei is.

18. A: ekonomiese

4 punte

Verduideliking:

Daar was reëls oor watter werk die mans, vrouens, seuns en dogters moes doen.

Almal het gewerk.

19. sjamaans | beswymings

4 punte

Verduideliking:

Die sjamaans kon in 'n soort droom of beswyming gaan wat 'n beswymingsdans genoem is. Dit het gebeur as hulle kragte van die wêreld van die geeste ontvang het.

20. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Koper en yster is uit rotse gehaal.

Yster was gebruik om gereedskap soos byle en skoffels te maak, asook wapens.

Koper was gebruik om koperdraad, krale en juwele te maak.

21. waar

2 punte

Verduideliking:

Jag en versameling van wilde plante was belangrik vir die Khoikhoi se oorlewing. Beeste was slegs vir rituele doeleindes geslag.

22. A: 'n dier gejag

4 punte

Verduideliking:

Na die troue moes hulle eers by die vrou se familie gebly het tot die geboorte van hulle eerste kind.



23. waar

2 punte

Verduideliking:

Hulle het enigiets geëet wat hulle in die hande kon kry, soos bv. bokke, sebras, ystervarkies, hase, leeus, kameelperde, vis, insekte, skilpaaie, vlieënde miere, slange, hiënas, eiers en wilde heuning.

24. Stamhoof | Stamhoofde

3 punte

Verduideliking:

Die **stamhoof** het besluit **wie landerye kon maak** en bepaal ook die **grootte daarvan**.

25. waar

2 punte

Verduideliking:

Die **stamhoof** het sake rakende die land **met sy hoofmanne bespreek** voordat hy 'n finale besluit geneem het.

26. !Gi | Medisyne mense | sjamaans | sjamaan | medisyne man | medisyne vrou

3 punte

Verduideliking:

Mense het geglo dat rotskuns gewys het hoe die San kragte kry van die !Gi. !Gi is sjamaans of medisyne mense. Die San het geglo dat die kragte van die !Gi mense bymekaar gebring het.

27. groen takke | rietmatte

4 punte

Verduideliking:

Die rietmatte het gesorg dat die hutte gedurende die warm somermaande koel bly. In die winter het die Khoikhoi die binnekant van hul hutte met dierevelle uitgevoer om die koue en reën uit te hou.

28. Khoikhoi herders | San

4 punte

Verduideliking:

Daar was genoeg land vir die verskillende groepe om te deel.

29. A: argeoloë

4 punte

Verduideliking:

Meeste mense wat die rotskuns gemaak het, was al dood nog lank voor argeoloë probeer het om te verstaan hoekom die rotskuns gemaak was. Dit is hoekom dit baie moeilik is om die presiese betekenis van al die rotskuns te kan verstaan.

Totaal: 93 Punte

